

Donderdag 27 April

Skrifgedeelte: Openbaring 1:12-16; 2:18-29

Fokusgedeelte: Openbaring 2:18-20

Jesus Christus, ons Koning, sien en weet alles – hou net vas wat julle het

In die brief aan Tiatira stel Christus Homself bekend as die Seun van God, met oë soos 'n vuurvlam en voete soos blink koper (2:18). Die voete soos blink koper is 'n teken van sy heiligheid, en sy oë soos 'n vuurvlam dat Hy deur alles en almal sien. Daar is niks wat Hom ontgaan nie, selfs nie verborge dinge nie.

Wat sien Hy in Tiatira? Hy sien geloof en liefde, diensbaarheid en bereidwilligheid om ter wille van die Here en sy Woord te ly. Hy bemerk ook dat die gemeente daarin groei en toeneem (2:19). Watter pragtige getuienis!

Nog belangriker egter is dat ons kan weet dat gelowiges se optrede van liefde en geloof nie ongemerk by Hom verbygaan nie. Hy sien dit raak en verbly Hom daarvoor. Daarom mag ons dit wat ons geloof en liefde daagliks van ons verg, selfs die klein dingetjies, nie geringskat nie. Vir die Here is dit belangrik. Hy wil hê dat ons daarmee volhou en selfs verbeter. Diens aan ons naaste is immers diens aan die Koning van die kerk.

Ongelukkig was alles in Tiatira nie net positief nie. Met sy vuurvlam-oë bemerk Christus ook negatiewe dinge in die gemeente. Hy sien gruwelike sondes, onder andere dat 'n vrou wat haarself as lerares uitgee, die gemeente tot 'n onsedelike lewenstyl aanspoor. Die kerkleiers het, selfs al het hulle nie met haar saamgestem nie, haar tog laat begaan, waarskynlik om die vrede te bewaar (2:20). Christus kondig egter aan dat Hy Self sal ingryp en almal sal uitdelg wat hulle nie bekeer nie (2:22-23).

Ons mag nooit dink dat ons ter wille van skynvrede dwalings kan duld en dit dan van die Here kan wegsteek nie. Hy sien deur alles, met oë soos 'n vuurvlam, en sal orde op sake stel, dalk op 'n manier wat vir ons minder aangenaam is.

Wat verwag die Koning dan van ons as sy onderdane? Nie volmaaktheid nie. Dit kan tog nie. In vers 25 sê Hy: "Hou maar net vas wat julle het, totdat Ek kom." Ons moet eenvoudig bly by die suiwer en volle evangelie van Christus, en daarvolgens leef. So lei Hy sy kerk deur sy Woord, wat soos die blink môrester ons verseker dat die dagbreek van sy hemelse Koninkryk op hande is (2:28).

*Sing: Skrifberyming 41 (15-5):1, 2, 7
Prof. GJC Jordaan (Jorrie) (emeritus)*